

15 APRIL 2018

09:00 Paassangdiens

Pallisander o.l.v. Sarita Haupfleisch

09:00 Kategese Gr 1 – 6 in die kerk

Geen Kleuterkerk a.g.v. Paastee

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)

Immanuel van Tonder

God ontluik die vlinder in jou. Gen 39

19:00 Belydenisklas

Die Bybel: Rol, interpretasie en geskiedenis. Kleingroepe

Hoërskoolkatkisanter word daaraan herinner dat die aanddiens deel uitmaak van die Snr. Kategese.

Bywoning is van kardinale belang, omdat Kleingroep-gesprekke op die inhoud van die preek gebaseer is.

22 APRIL 2018

09:00 Erediens

Peet Crous

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 *kleuterkerk*



Almal welkom!

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)


Juan Aveling

19:00 Belydenisklas

Die Bybel in geestelike oefeninge. Kleingroepe

Nuwe Generasie bied aan: NEIGHBOUR HILL!

Almal word genooi na 'n besoek op 21 April aan Constitutional Hill en Neighbourgoodsmarket. Ons vertrek om 08:00 vanaf die kerk en reis per Gautrein na Johannesburg. Tentatiewe koste: R146 (Gautrein retoer) en R55 (volwasse ingangsfooi). Bevestig asseblief by Jeanri 074 893 2836 as jy dit wil meemaak.



Paassangdiens en -tee

Baie welkom aan Pallisander kamerkoor o.l.v. Sarita Haupfleisch, wat vanoggend optree tydens die Paassangdiens. Die Paasgebeure het oor die eeue 'n groot invloed gehad op komponiste wat in hul musiek iets wou vasvang van hulle eie ervarings van die Paasgebeure. Ons gaan luister hoe komponiste van Rusland tot Afrika uiting gee aan die gebeure op Golgota.

Gasvryheidsbediening nooi almal hartlik uit na 'n Paastee na die oggenddiens in Koinonia.

Alle voorskool- en laerskoolkinders word genooi om tydens die paastee saam paaseiers in die vierkant te kom versier.

Baie dankie aan al die dames wat eetgoed vir die tee voorsien het.

Ouers van die Graad 9's word vriendelik versoek om asseblief te help tee skink na die Aanddiens op 22 April 2018.

U meelewing word opreg waardeer.
Navrae: Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836.

Die week se kalenderaktiwiteite

Maandag:	Gemeentevroue Komiteevergadering 16:00 (A21). Ekologie Bedieningvergadering 18:00 (Kerkkantoor). Caritas Bedieningvergadering 18:00 (A21).
Dinsdag:	Bybelstudiereeks: <i>Alles gebeur met 'n rede</i> 08:30 (Koinonia). Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572. (Meer inligting hier onder.) Bybelstudie 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. Tabita Naaldwerkklasse 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. Eiendom Bedieningvergadering 18:00 (Kerkkantoor). Nuwe Generasie Bybelskool 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660.
Woensdag:	Studente-selgroep 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836. "Young couples"-omgeegroep 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.
Donderdag:	Bybelstudie 09:30 (Lynnwood Oord). Tabita Naaldwerkklasse 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. Erediensgroep-vergadering 18:00 (Kapel). Jong Volwasse-omgeegroep 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
Vrydag:	Bybelstudie 08:00 (A21) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. Gebedsgroep 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Bybelstudiereeks: Halwe waarhede in die

Christendom (Adam Hilton)

Almal word hartlik uitgenooi na 'n Bybelstudiereeks om 08:30 by die kerk:

17 April: Alles gebeur vir 'n rede (Koinonia).

24 April: God help die wat hulleself help (Koinonia).

8 Mei: God gee ons nooit meer as wat ons kan hanteer nie (A21).

22 Mei: God het dit gesê, ek glo dit, en dis hoe dit is (A21).

29 Mei: Toon liefde teenoor die sondaar; haat die sonde (A21).

Mandalas! 5 Mei

om 09:00 – 13:00:



Kom geniet 'n kreatiewe oggend en ontdek saam met Liezel Luneburg die wonder van Mandalas. Liezel gaan nie net die kuns van mandalas teken met ons deel nie, maar ook die geestelike waarde wat sy daarin ontdek het. Liezel noem dat sirkels groot gewig in die skepping dra: 'n Eiersel is sirkelvormig, 'n varingblaar rol in 'n sirkelkurwe uit om 'n vars stingel te vorm en ons pupille is sirkels

wat sien en inneem. Die woord "mandala" beteken bloot "sirkel met 'n middelste trefpunt". 'n Kreatiewe Skepper vorm in perfekte balans die middelste trefpunt van my bestaan. Haar kuns fokus op hierdie middelpunt en ontgin die onverstaanbare, Goddelike kenmerk van kreatiwiteit wat binne-in elkeen van ons lê – soms sluimerend en onopgeëis, maar altyd wagtend in die agtergrond. Dit is dus nie vreemd dat sirkels vir haar besondere geestelike waarde inhou nie. Sy getuig daarvan dat sy menige gesprek met God voer en oplossings en berusting agter haar tekenbord, passer in die hand vind. Koste: R150 (sluit skryfbehoeftes en ligte verversings in). Vir meer inligting kontak Fay 083 478 0854. Bespreek asseblief jou plek by die kerkkantoor 012 348 1245.

Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*).



Snap here to pay

 SnapScan

Kontak van die week: *Liminale lewe met Paasfees*

Onthou jy die *momente van oorgang* in jou lewe, soos tussen die laerskool en die hoërskool? Jy is uit die een skool, maar nog nie in die volgende nie; nog vis nog vlees. Of dalk onthou jy die ervaring net voor jy getrou het, waar jy die gangetjie afstap en nog nie getroud is nie, maar ook nie meer alleen nie. My maag draai sommer as ek aan rugbywedstryde dink - na die opwarming en net voor die fluitjie blaas vir die afskop. Dis asof niks gebeur nie, maar iets geweldig opwindend is op pad!

Victor Turner het die woord **liminaliteit** (The Ritual Process, 1969) gebruik om die tydperk te beskryf waarin mense hulle vorige identiteit laat gaan en hulle in 'n proses begewe om 'n nuwe identiteit aan te neem. Mense wat in enige fase van statustransformasie is, word as liminaal beskou. Hulle is dus besig om van *een werklikheid en identiteit* na 'n ander werklikheid en identiteit te verwissel. Die woord *liminaal* kom van die Latynse woord *limen* wat drumpel beteken. Iemand is as't ware net buite die vorige kamer, maar nog nie in die volgende nie. Baie wetenskaplikes gebruik die term "liminaliteit" om ingrypende transformasieprosesse te beskryf. Dit is 'n dans tussen twee realiteite, soos die papie-stadium tussen wurm en vlinder.

Jesus het self 'n tydperk van liminaliteit ervaar. Hy het 'n nuwe fase van geloof ingelei en 'n totaal nuwe lewensuitkyk voorgestel. Die godsdienstiges van die dag het hom verwerp omdat Hy die Baanbreker na 'n nuwe vorm van spiritualiteit was: die Koninkryk van God wat naby gekom het. Hy leef in die voortdurende oorgang-spasie van die oue en die nuwe. Tussen die kruisiging en opstanding beleef Hy liminaliteit baie intens.

Paastyd is 'n tydperk van intense liminaliteit! Op Goeie Vrydag word ons genooi om saam met Jesus te sterwe en Sondag saam met Hom op te staan. Die drumpeltyd bring 'n stryd in jou wese mee; tussen die deel van jou wat nie wil sterf nie en die dieper honger na wesenlike vernuwing en tuiskoms in God. Soms ervaar 'n mens 'n vrees vir die potensiële verlies, maar ook die honger na ware lewe. Jy besef dat alles van die verlede nie maar net so kan voortgaan nie, en jy hoor die roeping om te groei in diepte, wysheid en toewyding.

Hierdie tyd is so ingrypend, want ons diepste identiteit is besig om te verander. Ons vind ons nuwe identiteit en waarde nie meer in ons huwelikstatus, gesondheid, godsdienstigheid, opvoeding, sosiale status, gewildheid of bankbalans nie. Dit word afgelê, sodat ons ons werklike identiteit in Christus kan aanvaar. Iets van my sterf. 'n Nuwe lewe begin ontluik. Daardeur word my wese getransformeer om te word wie ek eintlik is.

Tye van liminaliteit gaan soms gepaard met onsekerheid, ongemak en pyn, maar ook bruisende lewe, vryheid en opgewonde verwagting. Jy kan kies om die ongemaklike liminaliteit te probeer ontvlug deur aan jou ou identiteit te probeer vashou of stabiliteit te soek in oppervlakkighede. Dit laat jou egter kragteloos, leweloos, gebonde en sonder vrug.

As jy jou oopstel vir die kragtige vernuwing deur die Gees, sal dit jou lei na nuwe vorme van geborgenheid te midde van die grootste aanvegtinge. Jy ervaar strome van vrede en vreugde wat nie onder woorde gebring kan word nie.

Kom staan op die drumpel van jou nuwe identiteit... Kom ontdek jou ware self in Christus terwyl jy saam met Christus opstaan. Die oorgang kom van God. Ons kan dit nie forseer nie. Dit word net ontvang en aanvaar. Neem jou nuwe identiteit op te midde van liminaliteit.

In Matt 27:61 sit Maria en Maria Magdalena en waak reg voor die graf. Jesus is dood. Maar iets asemrowends is op die punt om te gebeur. Dink jou in hulle situasie in terwyl jy jou **T-Tyd beoefen:**

- Sit in stilte met die bewussyn van God se opofferende liefde aan die kruis
- Raak bewus van innerlike woelinge, leegheid, onsekerheid, pyn en verlange
- Soos die Maria's saam waak, deel jou geestelike reis met iemand
- Hoop sonder bewyse
- Wag in stilte, jy hoef nie heelyd besig te wees met woorde nie
- Wees oop om verras te word
- Ontmoet Jesus op onverwagse plekke en tye
- Weet dat Jesus in jou opstaan
- Kom tuis in jou nuwe identiteit wat in God gewortel is
- Sprei jou vlerke!

Immanuel van Tonder (namens die Predikantespan)



Naam _____

Selfoonnommer _____ Landlyn nommer _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

Handtekening _____

Datum _____

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.

*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

Gemeenskap

PEN Besigheidsontbyt op 10 Mei om 07:00 by Ooskerk. Sprekers: Gewaardeerde en Sosiale Entrepeneur, Francois van Niekerk en Dr. Marinda van Niekerk (Hoof Uitvoerendebeampte, Pen). Tema: *Besigheid met 'n doel*. Besprekings: Elaine 012 323 6688 of e-pos info@pen.org.za.

Montanac - pragtige ruim kamer ten volle toegerus met dubbelbed, sowel as ingeboude lessenaar en boekrakke. Deel badkamer met ander persoon, sowel as moderne kombuis met eie kruidenierskas. Sluit ook motorhuis in. Kontak: Rita Hartman by 083 277 8763.

Kennisgewingborde: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of Info-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.

Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.

Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.

Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.

Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by www.tshwane.gov.

